



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

NADRAAI VAN DIE SERITI-KOMMISSIE NOODSAK HEROORWEGING VAN WET OP KOMMISSIES

Deur Phephelaphi Dube: Regsbeampte; Sentrum vir Grondwetlike Regte

Dit is tyd dat die *Wet op Kommissies* gewysig word ten einde groter betekenis aan grondwetlike waardes te heg. Die Grondwet stel die President, asook provinsiale premiers, in staat om kommissies van ondersoek in te stel. Hierdie gesag om kommissies van ondersoek in te stel kan verder gedelegeer word ten einde ministeriële kommissies, asook ander Kommissies op plaaslike vlak toe te laat.

Die kommissie van ondersoek na die wapentransaksie (alom bekend as die Seriti-kommissie) is kragtens die *Wet op Kommissies* van 1947 ingestel. Dieselfde Wet bepaal dat Kommissies hul bevindings aan die President bekend moet maak voordat sodanige bevindings aan die publiek bekendgemaak kan word. Voorts kan Kommissies slegs aanbevelings aan die regering maak. Gevolglik is Kommissies nie verplig om hul verslae bekend te maak nie en die regering is ook nie verplig om ingevolge die aanbevelings van die Kommissie op te tree nie. R113 miljoen is bestee, 54 getuies geroep, dit is verskeie kere uitgestel, net soveel keer teruggetrek, en, vier jaar later, het die Seriti-kommissie geen aanbevelings of bevindings gemaak nie. Die Seriti-kommissie se gebrek aan bevindings beteken dat niemand verantwoordelik gehou sal word vir die verkrygingspakkette vir strategiese verdediging (SDP) van R70 miljard wat in 1999 onderteken is nie. Die verslag kom tot die gevolgtrekking dat "Ons redes aangevoer het waarom dit geen doel sal dien om aan te beveel dat die bewerings van bedrog, omkoperij en korrupsie in die SDP-verkrygingsprosedures na 'n ander liggaam vir ondersoek verwys moet word nie." Ten spyte van die feit dat die aanvanklike dossier met bewerings van omkoperij, bedrog en korrupsie tot die kriminele vervolging van Shabir Shaik en Tony Yengeni gelei het - kon die Seriti-kommissie geen individu aanspreeklik bevind nie.

Aan die ander kant stel die Grondwet in artikel 1 'n verantwoordbare, responsiewe en oop regering daar as fundamentele waardes van die nasie. Hierdie grondliggende waardes dra by tot die uitleg van die Grondwet en stel die standaard waaraan alle wetgewing moet voldoen. Voorts bepaal artikel 32 van die Grondwet dat elkeen die reg het op toegang tot inligting van die staat. Die Howe, asook wetgewing in die vorm van die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting*, beklemtoon voorts die idee dat openheid en toegang tot inligting gegewe waardes in 'n grondwetlike demokrasie is. Terwyl die reg op toegang tot inligting in sekere voorgeskrewe omstandighede beperk kan wees, het die howe dit baie duidelik gemaak dat die beperking slegs in openbare belang kan wees - soos die voorkoming van skade. Die *Wet op Kommissies*, aan die ander kant, blyk om voorkeur aan geheimhouding te gee, gegewe sy diskresionêre voorsiening van openbare toegang tot die Verslag. Die reg op toegang van inligting eis dat openbare beleide rasonneel geregverdig word in die openbaar en dat die werking van die politiek deursigtig vir almal moet wees. Die reg op toegang tot inligting stel Suid-Afrikaners in staat om ander regte uit te oefen en te beskerm, of dit nou vryheid van uitdrukking is of die reg om te stem.



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

Dit is tyd dat die *Wet op Kommissies* gewysig word ten einde groter betekenis aan grondwetlike waardes te heg. Dit kan nie die geval wees dat die *Wet op Kommissies* dit moontlik maak het vir die Seriti-kommissie om geen bevindings en aanbevelings te maak nie, ten spyte van wat die media as oorweldigende bewyse van oortredings beskryf nie. Selfs indien die Seriti-kommissie se verhore vir die publiek oopgestel is, is die feit dat die diskresie om die finale Verslag aan die publiek vry te stel, by die Parlement berus, die antitese van Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie, wat op openheid geskoei moet wees.